**Die LYDING van die BOERVROU en KIND**

~ Dr. Okulis ~

Gee in ‘n oorlog aan ondergeskiktes die mag en die reg om weerlose aan te rand, en wees verseker, dat hulle die taak met barbaarse volledigheid en genot sal verrig.

Nimmer sal die hoër outoriteite vry te pleit wees van feite, hoe onaangenaam, hoe barbaars, hoe vernederend vir nasionale trots en trompetgeskap ook al. Feite bly feite, en waarheid is soos kurkprop – hoe lank ook onder water gehou met geweld en met mag – kurkprop dryf tog altyd weer bo.

Vergun ons nou om hierdie swarte gruwel-register net effe te skets – meer kan ons deur onse hart nie kry nie:

1. Die Vrouens op die plase agtergelaat sonder manlike hulp, sonder bediendes, sonder trekvee – alles weggevoer – om met die grootste moeite en ontbering self op ‘n manier siel en liggaam aan mekaar te hou. Grond spit, ploeg trek, alleen lange voetreise doen, vlug vir wit en swart, en nog veel meer moes onderneem word en is onderneem, as verreweg verkiesliker bo die kans om in die hande van die vyand te kom. Of hierdie beweging val onder die hoof van barmhartigheid of van militêre maatreëls weet ons nie.

2. Wonings afgebrand, selfs met siek mense en kinders daarin en met alles wat dierbaar was aan aardse hoop weggevoer en in krale vermoor en vermink op onmenslike wyse. Vrouens, oumense en kinders hopeloos, hulpeloos op die vlakte gelaat, selfs in krankheid, in die laaste dae van swangerskap, of enige dae na bevalling – sonder die minste meedoë en selfs nog met hoon en smaad, ook waar nie geveg is nie en waar geen burgers was nie.

3. Te voet aangejaag, gekwel deur honger, koue reën, brutale behandeling en skimpende en smadelike taal.

4. Deur swart mense aangerand, bespot, mishandel en geskend. Donkerste bladsy van ‘n aller donkerste geskiedenis.

5. Op ope en vuile trokke by hope en met mans en kinders deurmekaar in verskillende toestande vervoer, sonder voedsel of deksel, sonder verlof van verwydering onder enige omstandighede en vir ure aaneen in wend en weer opgehou op tussen en einde stasies.

6. Aangeland op stasies en kampe, waar geen voorsiening gemaak was vir die allernodigste nie. Blootgestel aan alle moontlike ongerief en onder smadelike beperking van vryheid, sonder behoorlike

sanitêre inrigtings. Mag dit onder die voorwendsel van militêre maatreël val, dan nog kon dit op beskaafde menslike wyse uitgevoer gewees het.

7. Gedurende die eerste agt of nege maande was die kampe positief sleg ingerig, sleg voorsien en sleg bestuur met miskien een enkele uitsondering. Dat vrouens en kinders in die kampe veel gely en gesterf het enkel en alleen as gevolg van die slegtigheid word bewys uit die feit, dat met beter inrigting, beter voedsel en beter beheer onder drang die sterftesyfer byna normaal was. Dit kan skrywer getuig van die allerslegste kamp (Bethulie), waar in die laaste ses maande van bestaan maar enkele dode was en heel weinig siekte.

8. Waar vele van die vrouens kon vrygelaat gewees het om deur familie versorg te word in die Kaap Kolonie of elders, word dit in die meeste gevalle onder allerlei voorwendsels geweier. Waarlik wel 'n bewys, dat die barmhartigheid kampe – krygsgevangenekampe was.

9. Aan vele welgestelde en barmhartige susters word dit eenvoudig belet om in die kampe te verpleeg, as hulle nie 'lojaal' was nie. Aan hierdie gebrek aan verpleegsters, wat op geen grond ter wêreld goedgepraat kan word nie, is vele sterfgevalle te wyte en sware lyding verskerp. Die 'lojale susters' het in vele gevalle ander besigheid in die kampe, as siek mense oppas, en was vir die arme pasiënte in menige geval egte Jobs-vertroosters, moeilike vriende.

10. Alle pogings word aangewend om die toestand bedek te hou en offisiel word dit eenvoudig ontken of verbloem. Dit het net solank geduur, totdat die skandaal ten hemel geskrei het en die hemelse Vader daarvoor gesorg het, dat dit in Engeland en Europa rugbaar geword het en die beskaafde mensdom eenvoudig geen offisiele 'eksplanasies" meer wou sluk nie.

11. Van onpartydige en bevoegde ondersoek het eers niks gekom nie. Selfs die offisiele dames ondersoek moes, hoewel hulle alles taamlik rooskleurig geskilder het, tog veranderings en verbeterings voorskrywe, wat wel nie die proef op hulle som was nie, maar tog 'n wêreld van verskil gemaak het vir die arme lyeresse.

Buitendien was die offisiele ondersoek gedoem tot mislukking, eensdeels omdat die vrouens bang was om te praat, anderdeels omdat hulle te trots was om hulle lyding aan hulle vyand te openbaar. In verreweg die oorgrote meerderheid van gevalle is die smaad en lyding met voorbeeldige geduld en adellike fierheid gedra, soos van die afstammeling van Hugenoot, Geus en Duitser kon verwag word.

Dis ook nie hulle wat gekla het nie. Dis hulle vriende en 'n mej. Hobhouse, wat die waarheid moes 'ontdek' en openbaar, soos sy nou verklaar, dat hier meer en met fierheid gely is as vandag onder die tirannie (?) van die Duisters in België.

12. Dat die 'lojale' mense in die kampe die lot van die lyeresse oneindig verswaar het – so selfs, dat die arme vrouens hulle leed onderling nie eens mog kla nie, wat alle omstandighede verligting verskaf.

Deur die lojale mense moes hulle te veel vervolging en vernedering ondergaan, soos vermindering van die hongersnood porsie, tronk tent verblyf, wegvoering van vriend en maag.

13. Verbasend was die sielelyding van die arme moeders, wat hulle kinders moes afgee aan die "Hospitaal" (vandag nog 'n skrik woord vir die kampenaars). In vele gevalle is die moeders eers toegelaat om die kindertjies se doodsnik te hoor. Onbeskryflik hoeveel hartebloed gestort is oor daardie "hospitale".

14. En daarbuite op die veld? Daar is in meer as een geval tussen of agter 'n gevange vrouelaer geskiet waardeur vele vrouens deur die lood van hulle vriende onbewus getref is. En dit is tog iets wat vandag selfs deur Engelse beskryf word as uitermate barbaars en lafhartig. Dit het hier herhaalde male gebeur. Selfs die "Rode Kruis" is nie ontsien nie, ons herinner slegs dat Suster Rautenbach met vier koeëls getref is.

15. Vrouens is van alles beroof en in 'n verwoeste wêreld selfs nie een is die "barmhartigheid" van die kampe vergun nie.

Laat ons nou hierby voeg dat vele van die dade bestempel word as ontferming oor die vrouens en kinders of as noodsaaklike maatreëls.

Een ding is seker, hoeveel of liewer hoe bitter weinig hier ook van waar is, wrok was die inspirasie vir die barbaarse werk.

(Die aanhaling hierbo kom uit die boek Die Boervrou, Moeder van Haar volk deur Dr. Okulis. Dit was die skuilnaam waaronder ds. Willem Postma geskryf het.)